19.11 RAPPORT 3: DEPUTATE JEUGSORG – GEE-JAAR (Art 166)

A. Ds HC van Rooy lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

Acta 2012:242, 2.2.1: Dat met die projek (Gee-jaar) voortgegaan word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering van opdrag

2.1 *Sake waarvan die Sinode kennis neem*

2.1.1 Gee-jaar 2012

2.1.1.1 Vir die Gee-jaar van 2012 het 7 studente ingeskryf waarvan 6 die jaar voltooi het.

2.1.1.2 Die volgende kursusse, uitreike en gemeenskapsprojekte is met groot vrug aangebied:

2.1.1.2.1 **God, die Woord en dissipelskap** (Skepping, die Woord, Sondeval, Verlossing, Heiliging, Navolging van Jesus: Sy lyding en dood, Navolging van Jesus van dag tot dag).

2.1.1.2.2 **Dissipelskap** (Sending-perspektiewe, evangelisasie, die groot opdrag, hoe sien jy ander).

2.1.1.2.3 **Die koninkryk** (Hoe sien ek die kerk, kerkwees, en my plek).

2.1.1.2.4 **Persoonlike groei en berading** (My eie seer, en die van ander).

2.1.1.2.5 **Jeugbediening** (hoe kan ek betrokke raak in my gemeente se jeugbediening).

2.1.1.2.6 **Multimedia** (Kreatiwiteitsklasse met opsies in binnehuis versier, grafiese ontwerp, webbladontwerp, digitale fotografie, DVD-produksie).

2.1.1.2.7 **Lewensvaardighede** (Verhoudings, die teenoorgestelde geslag, tyd, leierskap, verantwoordelikhede, hantering van verandering, entrepreneurskap, konflikhantering, span-dinamika)

2.1.1.2.8 **Gesinsbedieninge** (nie lesings nie, maar ‘n proses wat deur die jaar verloop).

2.1.1.2.9 **Pret en ontspanning** (verskillende geleenthede is hiervoor geskep).

2.1.1.2.10 **Uitreike en gemeenskapsdiens** (Staptoer in Magoebaskloof, Namibië uitreik, Griekwaland-Wes kamp, Koningskinderskampe, Lig-kinderkampe, Barkly-Oos kamp, Cansa relay, Rustenburg See-kamp, Hartklop@Aardklop, Israel toer, fondsinsamelings).

2.1.1.3 Ongelukkig was 2012 die laaste jaar waarin Gee-jaar as ‘n voltydse diensjaar, gestasioneer in Potchefstroom, aangebied kon word. Ten spyte van baie bemarking en heelwat belangstelling, was daar nie genoegsame inskrywings vir 2013 om dit finansieel haalbaar aan te bied nie. Ter versagting moet meegedeel word dat, by mondelingse navraag, dit geblyk het dat die NG Kerk wat al baie jare ‘n Diensjaar aanbied, ook gedurende hierdie tyd hul aanbiedinge (en personeel) moes verminder. Ons skryf dit toe aan die swak ekonomie.

2.1.2 Gee-jaar 2013-2014

2.1.2.1 Die Deputate Jeugsorg is egter steeds oortuig van die wesenlike gaping wat die Gee-jaar vul – nie net t.o.v. ‘n jaar se sinvolle besig-wees van skoolverlaters nie, maar ook as toerusting in diens van die koninkryk. Daarom is daar in 2013 met ‘n herbeplanning begin, wat beteken dat Gee-jaar nie meer voltyds in Potchefstroom teen hoë koste aangebied gaan word nie.

2.1.2.2 Die beplanning is dat Gee-jaar in drie afdelings verdeel word, waarvan studente slegs vir een afdeling kan inskryf. Dit sien soos volg daaruit:

2.1.2.2.1 App-jaar (opleiding en toepassings vir jeugwerkers en vrywilligers in gemeentes). Die materiaal sal in die vorm van ‘n handboek beskikbaar gemaak word, wat uit die volgende temas bestaan:

Hoofstuk	Skrywers
Samestelling van die kerk	
Bybelkennis: Ou Testament	
Bybelkennis: Nuwe Testament	
Geloofsleer	
Gebed	
Kerkgeskiedenis	
Bybelstudie tegnieke	
Dissipleskap	
Sending en Evangelisasie	
Leierskap	
Berading	
Pret en Plesier	
Kommunikasie	
Samevatting	

(a) Die kursus word telematies aangebied vanuit die Jeugkantoor en die verwagting is dat studente wat net die *App*-jaar doen, deur ‘n mentor (ouderling/diaken/predikant) in sy/haar tuis-gemeente begelei word.
(b) Hierdie kursus fokus op die toerusting van jeugleiers wat reeds in ‘n gemeente betrokke is.
(c) Hierdie kursus sal ook in Engels beskikbaar wees om rekening te hou met die mullti-kulturele aard van die GKSA gemeentes.
(d) Die bewys van die suksesvolle afhandeling van die *App-jaar* sal by wyse van ‘n portefeulje van die studente deur die Jeugdeputate geëvalueer word.

2.1.2.2.2 Uitreik-jaar

(a) In die Uitreikjaar-opsie word daar op sending- en evangelisasie geleenthede gefokus saam met bestaande uitreike van gemeentes in die GKSA.
(b) Diegene wat vir die Uitreik-jaar inskryf, deurloop ook die opleiding van die Jeugwerkerskursus *(App-jaar)*. Die praktiese gedeelte van die kursus word dan op uitreike gedoen.
(c) Die verwagting is nie dat *Kruispad* (Jeugdeputate) bg uitreike gaan oorneem of bestuur nie, maar slegs te ondersteun deur die kontak tussen uitreik-gemeente en student te fasiliteer.

2.1.2.2.3 Diens-jaar (‘n vrywilliger wat by ‘n aangewese gemeente/sendingprojek werk vir ‘n jaar).

(a) Die Diensjaar is ‘n samestelling van al die fasette van wat Gee-jaar aanvanklik bedoel het om te wees, nl opleiding, uitreike en diensbaarheid. Met hierdie deel is daar verskillende kante van *Gee*:
1. Die Gemeente: Gee woonplek (gasfamilie waar hierdie persoon veilig kan leef), ‘n mentor en morele en finansiële ondersteuning vir die student vir die jaar.
2. Die Gee-jaar student: Gee ‘n jaar vir diens in ‘n gemeente as hoofsaaklik ‘n jeugwerker, ondersteunende jeugwerker, sendinghulp of administratiewe hulp.

2.1.2.3 Met die opstel van die Rapport was die ontwikkeling van die “nuwe” Gee-jaar reeds in ‘n gevorderde stadium. Voordat dit geadverteer kan word, moet die volgende werk nog afgehandel word:

2.1.2.3.1 Voltooi, samestelling en afronding van die *App-jaar* handboek (reeds met skrywers gereël).

2.1.2.3.2 Die insameling van relevante inligting oor gemeente-uitreike.

2.1.2.3.3 Vrywillige gemeentes waar studente wat die *Diensjaar* doen, geakkommodeer kan word.
2.1.2.3.4 Die finansies van die verskillende opsies moet nog bepaal word.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.2.3.4 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit
3.1 Dat opdrag gegee word aan die te benoeme Deputate om die Gee-jaar (soos beplan in 2.1.2 in sy geheel) te finaliseer en te inplementeer.
Besluit: Goedgekeur.